

Belydenis van God se verbondstrou ten spyte van ons sonde

In Nehemia 9 gaan dit oor die vasdag van God nadat die volk onder leiding van Nehemia die mure van Jerusalem herbou het. Hulle kon dit herbou omdat die Here hulle begenadig het, omdat Hy self met hulle was. In ons fokusgedeelte gaan dit juis oor hulle belydenis (vs. 3). Nog 'n kwart dag lank het hulle belydenis gedoen en voor die Here hulle God gebuig, soos opgeteken in Nehemia 9:5-38. Hier in dié belydenis kom die grootheid, barmhartigheid en die genade van God óór sy verbondsvolk duidelik na vore. Ons kyk slegs na 'n klein gedeelte van die slot van hierdie belydenis.

Hulle pleit en bely slegs op grond van God se verbond met hulle. “U wat die verbond en die troue liefde in stand hou ...” (vs. 35). Hulle gaan voort om te bely dat die Here vir hulle goed was, ten spyte van hulle sonde: “... en hulle het nog u groot goedheid geniet wat u hulle gegee het ... al het hulle u nie gedien nie en hulle nie bekeer van hulle slegte dade nie.”

- Ja, ook Dawid, die psalmdigter, wys op die groot genade en barmhartigheid van God (Ps. 103:10). Hy handel nie met ons volgens ons sondes nie, vergeld ons nie volgens ons ongeregtigheid nie.
- In Christus het Hy vir elkeen wat glo, volkome vergifnis geskenk. Daarom kan en moet ons Hom loof en dank.

Sing: Psalm 130:2

Ds Dawid Coetzee (Virginia)